

**14 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 16:17-27**  
**Fokusgedeelte: Romeine 16:17, 18**

### **Ons getuienis**

In hierdie gedeelte hoor ons van drie getuienisse. Die vyand het 'n getuienis, die gemeente in Rome het 'n getuienis en Paulus het 'n getuienis.

Die vyand het 'n getuienis wat verwoes. Daar is mense wat tweedrag en aanstoot in die gemeente in Rome veroorsaak. Hulle verlei mense deur vriendelike en mooi woorde en lok hulle weg van die getuienis wat Paulus aan die gemeente verkondig het. Hierdie mense dien hulle eie begeertes.

Die gemeente in Rome het 'n getuienis wat opbou. Hulle is bekend vir hulle gehoorsaamheid aan die Woord van God. Hierdie gemeente moet nou dié goeie getuienis voortbou deur wys te wees teenoor wat goed is en onskuldig te wees teenoor wat sleg is. Hulle kan dus hulle getuienis opbou deur die getuienis van die vyand deur die Woord van God te bestry en te weerlê.

Paulus het ook 'n getuienis. Dit is die getuienis wat hy aan die gemeente verkondig het. Soos ons ook deur die Woord leer, verkondig Paulus alleenlik die gekruisigde Christus. Die teksgedeelte leer ons dat Paulus getuig van die God van vrede. Dit is hierdie getuienis waaraan die gemeente van Rome nou moet vashou indien hulle die tweedrag en aanstoot in die gemeente wil bestry. Hierdie God van vrede, wat Paulus verkondig, sal Satan vinnig onder hulle wat die gemeente in tweedrag wil bring, verwoes.

Dit is egter belangrik om te verstaan dat daar 'n vierde getuienis is. Dit is ons eie getuienis. Ons moet weet waar ons inpas: Volg ons die enigste ware getuienis van ons Here Jesus Christus of die getuienis van mense wat tweedrag bewerk tussen gelowiges? Ons moet ook weet dat ons eie getuienis bepaal in hoe 'n mate ons die getuienis van Christus gaan volg. As ons lewens getuig van gehoorsaamheid aan die Woord, dan sal ons ook die valsheid van die getuienis van die vyand raaksien. As ons getuienis reg bly, sal die God van vrede die werk van die vyand onder ons vernietig.

En juis omdat ons hierdie getuienis van die God van vrede ken, kan ons ook die volgende bid: Mag die genade van ons Here Jesus Christus met ons wees. Amen.

*Sing: Psalm 73:1, 12*

*Teologiese Student Eugene Coetzer*